Fynspier oefeninge:

Strik van skoene
Knopies van hemde vasmaak
Knip met skêrtjie
Inkleur / vingerverf
Klei-, sand- en waterspel is baie belangrik

<u>Groot-motoriese oefening (Beweging is die basis van breingroei en breinstimulasie)</u>

- Beweging — Maak gewrigte sterk
  Maak spiere sterk
  Dan word brein sterk

Belangrik: Vir u kind om stil te sit, moet hy/sy GENOEG BEWEEG!!!

Belangrike oefeninge:

- Maagspiere (ONGELOOFLIK BELANGRIK SELFS vir lees)
  Twists (op musiek, met hoepel)
  Kruiwastoot
  Kruip (tonnels)
- Wipplank ry

Elke ma is soos Moses wat nooit die beloofde land ingegaan het nie. Sy berei net haar kinders voor vir 'n wêreld wat sy self nie sal sien nie.

My pa het my nie lesse gegee oor hoe om te lewe nie. Hy het net gelewe en ek het hom dopgehou en só alles geleer van geloof, integriteit en lewenswyshede.

Sentrale Volkskool

KROONSTAD

Prospektus

DAAR'S WERK KOMAAN

Sedert 1908 die toonaangewende laerskool in Kroonstad

Skoollied

Daar is 'n skool - dit is Sentraal
Wat net die beste uit ons haal
Oor lank presteer
En wyd vereer
Tradisievas - dit is Sentraal

Ons leuse is Daar's Werk Komaan
En Volkskool bou met trots daaraan
Na wenners wil
Die Senties streef
Tot die Heer se eer bly leef

Melodie: Danie Hyman



Linkerbrein
* georganiseerd
* feite is baie belangrik
* hou van beplanning
* baie presies in alles
* taak- en doelgerig
* doen iets reg

Regterbrein
* impulsief
* kyk na geheelbeeld
* emosioneel
* baie goed met probleem-oplossing
* mensgerig
* doen iets interessant

Groot-motoriese bewegings is belangrik, want dit ontwikkel albei kante van die brein.
Leer u kind:

- om met aandag te luister
- om opdragte selfstandig uit te voer
- om mededeelsaam te wees (bevorder groepwerk)
- netheid- versorging van hom-/haarself, eie tas, eie bankie, die omgewing
- self aantrek
- toiletgewoontes – onafhanklik
- mooi maniere
  "Dankie en asseblief, maak my 'n hartedief"
- kommunikeer met u kind
- Laat hom/haar deel in u aktiwiteite
  (Wees tog net gemaklik, spelende-leer i.p.v. formeel)

DIE VOLGENDE IS NIE 'N VEREISTE NIE, MAAR RIGLYNE TER VOORBEREIDING VIR GRAAD 1

- Lees vir u kind baie stories, vra vragies daarna, gee u kind die geleentheid vir terugvoering van die storie (taalontwikkeling, duidelik kan praat, konsentrasie, geheue).
- Laat u kind na rustige musiek luister.
- Benoeming van liggaamsdele (bv. Enkel, pols ens.)
- Memoriseer telefoonnommers en adres
- Kleurherkenning
- Vorm herkenning
- Kennis van links en regs

langbroek, blou hemp en das, donkerblou skoolkouse en swart skoolskoene.

DOGTERS

Somer

*Voorgeskrewe geruite romp of broekromp met wit kortmouhemp
*Donkerblou broekie
*Wit sokkies
*Swart skoolskoene
* Kaalvoet opsioneel (graad 1-7)

Winter

*Voorgeskrewe geruite romp of broekromp met wit langmouhemp, skooldas en vlootblou broekiekouse.
*Donkerblou langbroek met wit langmou hemp, skooldas en wit sokkies
*Skooltrui/Oortrektrui
*Skoolsweetpakbostuk (Gewoon of gewatteer) met skool langbroek
*Swart skoolskoene

WAT KAN EK AS OUER MY VOORSKOOLSE KIND TUIS LEER?

Ken jou kind:

Elke persoon het 'n taal wat hy of sy praat om liefde te wys en te voel. Dit verskil van mens tot mens. Sien dit as houers wat gevul moet word. As een leeg is, het jy 'n behoefte daaraan dat dit gevul moet word. Die fout wat ons dikwels maak is om met ander te praat in ons liefdestaal en nie in hul taal nie. So word ons houer vol en nie hulle leë houers nie. Vind uit wat jou gesin se houers is, wat die maklikste leeg raak en maak 'n verskil.

Liefdestale:

1. Kwaliteittyd - Soek alleen een tot een tyd saam met jou.
2. Aanraking – Soek aanraking (drukkie, steel oor hare, stoei graag)
3. Diensbaarheid – Waardeer dit as jy vir hul iets doen.
4. Geskenke – Die grootte of prys maak nie saak nie, dit is die idee wat tel.
5. Woorde van erkenning – Wil hoor hul is goed genoeg.

DAARS WERK KOMAAN

VISIE

Om kwaliteit onderwys en opvoeding aan alle leerders te verskaf sodat elkeen se potensiaal optimaal ontwikkel word. As 'n Afrikaanse skool gegrond op die Sentrale Volkskool se karakterbouende waardes, aanvaar ons die roepingseis om die positiewe na te streef en die goeie en opbouende ten beste af te handel.

MISSIE

Daar word gestreef na die verwesentliking van die volgende eienskappe by leerders, personeel en ouers:

LEERDERS:

- erken en aanvaar die reg van elke leerling om die godsdiens van eie keuse te beoefen.
- is trots op die Afrikaanse taal- en kultuurerfenis en streef na die handhawing en uitbouing daarvan.
- gebruik die talente ontvang op akademiese, sport- en kultuur-gebied.
- streef netheid na in arbeid en optrede.
- wil gebalanseerd betrokke wees.
- betoon respek teenoor meerderes en maats.
- tree te alle tye gemanierd en gedissiplineerd op.
- respekteer die skooldrag en simbole van die skool.
- streef die waarheid en eerlikheid na
- bou ons skooltrots uit.
- benut die geleenthede gebied om tot volle potensiaal te ont-wikkel.

PERSONEEL:

- erken die Senties se unieke waardes en leef dit as sulks uit.
- verwag die beste van hul leerders op akademiese- buite-muurse- en kultuurgebied.
- wend hul unieke talente aan om doelwitte van die skool te ver-wesenlik.
- is lojaal teenoor die onderwys, kollegas en die skool.
- stel leerders se belange voorop.
- eerbiedig hul professie se erekode.

OUERS:

Ouers van die skool:

- ag ons skool se waardes hoog en dra dit aan hul kinders oor.
- is positief en gebalanseerd betrokke by die skool se bedrywighede.
- steun die skool se ingesteldheid t o v eie unieke waardes, dissipline, kleredrag, akademiese- en ekstra kurrikulêre bedrywighede.
- tref reëlings om die verpligtinge t o v skoolgeld na te kom.

Soos Kinders leef ... so leer hulle

As 'n kind met kritiek saamleef – leer hy om te veroordeel
As 'n kind met vyandigheid saamleef – leer hy om te baklei
As 'n kind met bespotting saamleef – leer hy om sku te wees
As 'n kind met skaamte saamleef – leer hy om skuldig te wees
As 'n kind met lankmoedigheid saamleef – leer hy om geduldig te wees
As 'n kind met aanmoediging saamleef – leer hy selfvertroue aan
As 'n kind met lof saamleef – leer hy om te waardeer
As 'n kind met regverdigheid saamleef – leer hy om regverdig te wees
As 'n kind met sekuriteit saamleef – leer hy om te vertrou
As 'n kind met goedkeuring saamleef – leer hy om van homself te hou
As 'n kind met vriendskap saamleef – leer hy om liefde te vind
As 'n kind met aanvaarding saamleef – leer hy om homself te wees

WAGKLAS

Wanneer die skool vroeër verdaag kan leerlinge onder toesig by die skool bly tot die betrokke dag se normale verdaagtyd.

NASORGSENTRUM

Ons is trots op die Nasorgsentrum wat by die skool bestaan. Slegs opgeleide leerkragte dien op die personeel.

Klasse begin om 14:00 en verdaag om 16:00, maar middagpersoneel is aan diens vanaf 13:30 tot 17:15.

Gedurende die loop van die middag doen die leerlinge hul huiswerk onder toesig en hulp verleen word waar nodig.

Inskrywingsvorms is by die skool beskikbaar. Betaling van gelde word by die Nasorgsentrum personeel self gedoen.

Die skool se reëls en dissipline geld by die Nasorgsentrum en word toegepas deur die betrokke personeel.

SKOOLDRAG

SEUNS

Somer

*Grys kortbroek
*Blou oopnek kortmouhemp sonder das
*Swart skoolskoene en donkerblou kouse met skoolkleure ingebrei in omslag
* Kaalvoet opsioneel (graad 1-7)

Winter

*Grys langbroek
*Blou toenek langmouhemp en skooldas
*Swart skoolskoene en donkerblou skoolkouse met skoolkleure in omslag ingebrei
*Donkerblou skooltrui/oortrektrui met skoolkleure ingebrei in V-nek en middel
*Skoolsweetpak bostuk (gewoon of gewatteer) met grys

OPSAALKOSHUIS

Opsaalkoshuis vorm 'n belangrike verlengstuk van die opvoeding wat u kind by Sentrale Volkskool ontvang. Dissipline vorm een van die belangrikste pilare van die koshuislewe en ons koshuiskinders pryk gereeld onder die toppresteers op akademiese-, kultuur- en sportgebied.

Die kind kan hom ten volle uitleef in die geborge omgewing wat die koshuis hom bied.

Die koshuislewe bied ook oneindig baie voordele t.o.v. die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Onder andere:

- Koshuisleerlinge word d.m.v. dissipline en roetine baie goed voorberei vir die hoërskoollewe.
- In die koshuis leer die kind onafhanklikheid en selfstandigheid wat baie belangrik is vir die res van sy lewe.
- Sosialisering met die portuurgroep, wat baie belangrik is vir die vorming van verhoudings, vind voortdurend plaas.
- Die kind leer om gesag en gesagsfigure te aanvaar en te respekteer.
- Stiltetye vorm 'n belangrike deel van die koshuis se daaglikse program
- Die kind leer ook om aan te pas en ander in ag te neem.

SKOOLTYE:

Begin daagliks:		07:25
Verdaag:	Graad 1-3	13:00
	Graad 4-7	13:30
Vrydae	Graad 1-2	12:00
	Graad 3	13:00
	Graad 4-7	13:30
Pouse:		11:30-12:00

'N KORT HISTORIESE OORSIG

Die amptelike ingebruikneming van die skoolgebou is op 6 Oktober 1908 waargeneem deur Generaal Allenby in die teenwoordigheid van die destydse Goewerneur van die Oranje rivier Kolonie, Sir Hamilton Gould-Adams. Nuwe aanbouings is onderskeidelik in 1954 en 1988 in gebruik geneem.

Gedurende 1920 skei Kroonstad Hoër en Sentrale Volkskool om as aparte skole te funksioneer. Vanaf 1926 is laasgenoemde 'n verklaarde Afrikaanse medium skool en die Engelse leerlinge word oorgeplaas na English Primary School oorkant die straat.

Amptelike skooldrag is in 1949 ingevoer. In 1953 staan die skoolrol op 1745 leerlinge. In die jaar stig Kroonheuwel Volkskool (694 leerlinge) af en in 1958 word begin met Suidrand Volkskool (370 leerlinge). Die De Wet Erlanksaal word in 1954 ingewy.

Enkele bekende oud-skoliere is:
Mnr. A.L. Schlebusch – Vise-Staatspresident
Mnr. W.N. Breytenbach – Adj. Min. van Verdediging
Dot Serfontein – Skrywer
Antjie Krog – Skrywer
Anton Goosen – Sanger
Jan Blom – Sanger
Robbie Wessels – Sanger & akteur
Springbokke:
Trudie Botha – Swem
Bertie Venter – Jukskei
Jan Schlebusch – Rugby
Burger Geldenhuys – Rugby
Michael Claassens - Rugby
Sarina Mostert – Atletiek
René Mentz – Tennis
Cheronne Botes – Waterski
Das van den Berg – Stoei
André Brits – Karate
Christo van Wyk – Diensgeweer-skiet

AKADEMIE, SPORT EN KULTUUR

Die personeel is daartoe verbind om toe te sien dat elk van die gebiede die regmatige aandag ontvang. Die jaarlikse Prysuitdelingsfunksie is sprekend van die hoë standaard wat op akademiese gebied gestel word.
Akademies vorder ons leerlinge uitstekend en word ons standaard gereeld nasionaal sowel as internasionaal getoets en bewys. Leerlinge neem op streeksvlak aan departementele uitdagings deel, sowel as aan nasionale en internasionale olimpiades, wat Nautilus Wiskunde, Vrystaat-/Noord-Kaap Wiskunde Uitdaging en Conquesta Olimpiades insluit.

Ons glo dat ons gebalanseerde kinders gereed maak en moedig leerlinge aan om deel te neem aan sportsoorte soos atletiek, netbal, hokkie, rugby, tennis, jukskei, ringbal, krieket en swem. Hierdie sportsoorte word ook gratis by die skool deur personeel en buite-afrigters aangebied.
Ons leerlinge behaal uitstekende uitslae en word deurgaans ingesluit in streek-, provinsiale en nasionale spanne. U kan maar net die plaaslike koerante dophou, ons skitter gereeld daar!

Kultuur bly nie agterweë nie en ons het 'n lewendige Sraak- en Dramavereniging wat jaarliks van gr. 2 - 7 die SA Dramakollege eksamen aflê. Ons neem ook deel aan die twee jaarlikse Kroonstad Kunstefees, asook aan eisteddfods van buitedorpe soos Gouveld Kunstefees en Virginia Kunswedstryd.
Die Universiteit van Stellenbosch bied nasionaal die Woorde open Wêrelde (WoW) Spelfees aan, ook hier dring ons tot op nasionale vlak deur.
Die ATKV redenaars, asook Radikale Redenaars bied geleenthede vir ons sprekers om hul staal te toon en weereens hoef Senties ook hier op nasionale vir niemand terug te staan nie.
'Flinkdink' is 'n jarelange tradisie in Sentieland wat elke Sentie geniet waar leerlinge se algemene kennis getoets word.
Ons het ook sakereuse in wording en tydens die jaarlike entrepreneursdag woeker die verkoopsmanne en dames met hul sakevaardighede.

REMEDIëRENDE ONDERRIG

Leerprobleme kan in allerlei vorme en op enige stadium van ontwikkeling van die kind op die voorgrond tree. Die regstelling van sodanige leerprobleme word deur die Remediërende leerkrag hanteer. In die primêre skoolfase word die kind se ervaring van lees, spelling en Wiskunde as fundamenteel beskou. Daar word dus op die opvoeding, onderwys en remediëring ten opsigte van die aspekte by die lerende kind gefokus.

Die individuele onderrigmetode in die remediërende klas blyk van groot waarde te wees vir die leerling met 'n leerprobleem. Rekenaarprogramme in lees, spelling en Wiskunde word effektief aangewend.

Didaktiese klasse word aangebied vir leerlinge wat skolastiese probleme ondervind in taal en Wiskunde. Hierdie onderrig is aan leerlinge vanaf Graad 1 -7.

ONDERSTEUNINGSPAN

Die skool beskik oor die volgende ondersteuningspan:

- Spraakterapeut,
- Arbeidsterapeut,
- Sielkundige
- Pastorale terapeut
- Maatskaplike werkers
- Dokter
- Dominee
- Die kinderleidingkliniek
- Prokureur
- Polisie verteenwoordiger